

13.7 RAPPORT 7: BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO: OUDITKOMITEE

1. Opdrag

Om die riglyne wat deur die Kingverslag daargestel is uit te voer, sodat deursigtigheid met die finansiële verslagdoening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bewerkstellig en uitgebou kan word.

2. Uitvoering

- 2.1 Die Ouditkomitee het na afloop van die 2012, 2013 en 2014 oudits saam met die ouditeure vergader waartydens die finansiële state van die Administratiewe Buro, SDDS, Personeel- en Predikante Pensioenfonds, EVT en al die ander fondsstate bespreek en oorweeg is. Daar is indringende vrae gevra oor die inhoud, aanbieding en algemene stand van die finansies. Navraag is ook gedoen na die vlak van bevoegdheid van die personeel asook die samewerking wat die ouditeure van die Bestuur en die personeel van die Administratiewe Buro ontvang het.
- 2.2 Navraag is aan die ouditeure en aan die Bestuur van die Administratiewe Buro en die verskeie ander vertakkinge oor die interne beheermaatreëls, die toepaslikheid daarvan asook die uitvoering wat daaraan gegee word. In al die gevalle is gerapporteer dat die maatreëls in plek is en dat daar deurlopend uitvoering daaraan gegee word.
- 2.3 Navraag is ook aan die ouditeure gerig om te bepaal of daar enige beperkings op hulle geplaas is in die uitvoering van hulle audit. Geen beperkings is op die ouditeure geplaas met die uitvoering van hulle onderskeie oudits nie.
- 2.4 Daar is voortdurend aandag gegee aan openbaarmaking in die onderskeie Finansiële State en is daar telkens aanbevelings gedoen oor hoe die openbaarmaking verbeter kan word.

3. Bevinding

Ons is van mening dat die finansiële state van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en al die ander finansiële state hierbo na verwys, wel voldoen aan die openbaarmaking vereistes soos gestel en dat die riglyne soos gestel deur die Kingverslag nagekom is en dat daar geen beperking op die ouditeure gelê is tydens die uitvoering van hulle pligte as ouditeure nie.

4. Aanbevelings

- 4.1 Die Sinode gee indringend aandag aan die feit dat die agterstallige ramings sedert die vorige Sinode vanaf R11 902 124 na R13 676 108 toegeneem het. Hierdie toename van 14.9% is ten spyte van rapport dat daar verskeie groot agterstallige bedrae wel ingevorder is.
- 4.2 Die Sinode gee indringend aandag aan die feit dat boekevoorrade oor die algemeen baie oud is. Maniere moet gevind word om hierdie ou voorraad op 'n ordelike manier te verhandel.
- 4.3 Die Sinode stel maatreëls daar wat sal verseker dat gemeentes hulle verpligtinge teenoor die breë kerkverband nakom.
- 4.4 Die Sinode stel maatreëls inwerking om die tekorte wat daar op die Kruispadfonds, Studentekas Hulpfonds, GKSA Mediese versorgingsfonds en Gee Jaar-fondse bestaan, uit te wis.
- 4.5 Die Sinode die bestaande Ouditkomiteelede na 'n dienstydperk van twaalf jaar van hulle verpligtinge onthef.
- 4.6 Daar weer 'n Ouditkomitee deur die Sinode aangewys word, wat bestaan uit jong kundige broeders wat in die openbare praktyk staan.
- 4.7 Die Sinode hom sal vergewis van die vereistes wat aan die lede van 'n Ouditkomitee gestel word in terme van die King 3-verslag.

Rapporteur: